11 Desember 2020
NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Ons innige simpatie

Ons woorde is met onsekerheid en jammerte gevul. Die abrupte dood van 'n ma en dogter van ons gemeente, Mariëtte en Ronel Engelbrecht, is 'n tragedie wat ons nog lank gaan bybly. Al wat ons kan doen is om ons arms spreekwoordelik rondom Dawie en Christiaan te sit en ons medelye aan hulle te betoon. Ons is so jammer vir hulle! Die begrafnis en troosdiens was gister in die kerk gehou, en deur Tienie gelei.

Laaste 2020 Blitsnuus

Hierdie is die laaste Blitsnuus van 2020. Al wat ons kan sê is: wat 'n jaar! As dit moontlik was om 'n jaar op die kalender uit te vee, dan het 2020 waarskynlik voorgestaan! Dankie vir Hannalie wat elke keer die Blitsnuus so mooi versorg en aan ons elkeen gestuur het.

Kerkkantoor en herwinning gaan rus

Die kerkkantoor is gesluit vanaf **Dinsdag 15 Desember** en sal weer oopmaak op **Maandag 4 Januarie**. In die tyd is die herwinningsgeriewe van die kerk ook nie beskikbaar nie.

Eredienste in die vakansie

Die eredienste se tye in die vakansie is belangrik! Skryf dit sommer nou reeds op! *En onthou dat jy in die vakansie elkeen van die eredienste regstreeks op **Stellastraat Live** kan volg, waar jy ook al is.*

Ons gewone Sondag-eredienste begin elke keer 09:00. En dan is daar elke Sondagaand 'n Adoramusdiens in die kapel, en dié begin soos altyd 18:00. Vir beide die eredienste moet u asseblief registreer.
Dié skakel - **https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6** is die een wat jy moet gebruik om te registreer. As jy dit nie regkry nie, skakel minstens die leraar wat die betrokke Sondag aan diens is.

Op Kersdag, wat vanjaar op 'n Vrydag val, is daar twee oggenderedienste. Die eerste een begin reeds 07:00 en die tweede erediens begin 08:30. Ons moet asseblief ook registreer vir die eredienste. Omdat die kerk nie vol mag wees nie, het ons besluit om twee eredienste op Kersdag te hou.

Indien jou familie saam met jou kerk toe kom, probeer asseblief om hulle ook op die skakel te registreer. *Kersmusiek gaan nie verdwyn nie! Ons gaan met oortuiging probeer sing, en Maricus en die instrumentaliste gaan voor die eredienste vir ons met mooi musiek in die Kersfeesstemming bring!*

Datum	Predikant	Diens	Tyd
13 Desember 2020	Fay van Eeden	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Fay van Eeden	Adoramusdiens - Kapel	18:00
20 Desember 2020	Malan Nel	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Anton Pienaar	Adoramusdiens - Kapel	18:00
25 Desember 2020	James Kirkpatrick	Kersdiens - Kerk	07:00
	James Kirkpatrick	Kersdiens - Kerk	08:30
27 Desember 2020	Tienie Bosman	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Willem Nicol	Adoramusdiens - Kapel	18:00
3 Januarie 2021	Fay van Eeden	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Willem Nicol	Adoramusdiens - Kapel	18:00
10 Januarie 2021	Tienie Bosman	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Fay van Eeden	Adoramusdiens - Kapel	18:00
17 Januarie 2021	Fay van Eeden	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Willem Nicol	Adoramusdiens - Kapel	18:00
24 Januarie 2021	James Kirkpatrick	Oggenddiens - Kerk	09:00
	Willlem Nicol	Adoramusdiens - Kapel	18:00

Die leraars gaan ook stoom afblaas

Die dominees van Stellastraat is so hier en daar ook tydens die vakansie elders. Waar weet nie ons nie, maar op die volgende datums gaan jy sukkel om die span in die hande te kry: James (28 Des – 24 Jan), Tienie (28 Des – 5 Jan), Fay (21 Des – 2 Jan) en (Anton 21 Des – 7 Jan). Die een voordeel wat ons het is dat gedurende al die vakansiedae is Prof Malan hier! Hy kan in die tyd gerus gekontak word (082 661 7888).

2021 se kalender is beskikbaar!

En volgende jaar se Stellastraatkalender is beskikbaar. Kom kry gerus vir jou een by die kerkkantoor of na die erediens in die binnehof. Die begroting het vereis dat ons bietjie moes afskaal op die kalender. Maar o wee, ons het beplan asof die covid-19-virus in 2021 reeds onder beleg sou wees, maar nou lyk dit of ons minstens die eerste kwartaal steeds 'n gesmoorde kalender sal moet hê.

Verjaarsdae 13 - 19 Desember

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 13 Desember:
Francois Burger, Mignon Kruger, Christene Louw, Danie Meyer, Johan van den Heever, Sophia van der Merwe, Johan Willemse.

Maandag 14 Desember:
Anna Maria Betts, Déhan Bezuidenhout, Maryna Blignaut, Marius-Gert Coetzee, Juanita de Jager, Jan du Raan, Madré Hechter, Marni Jansen van Vuuren, Bedelia Petzer, Francois Pienaar, Laurice Theron, Henno van Aswegen, Erna van Huyssteen, Suzette van Wyk.

Dinsdag 15 Desember:
Susanmarié Auret, Niel Claassens, Andries du Plooy, Vené Eloff, De Wet Holtzhausen, Hendrik Jansen van Rensburg, Christa Lord, Klarike Meyer, Gert Morkel, Michal Oosthuizen, Louis Rossouw, Riley Schultz, James Seeliger, Carol van Jaarsveld.

Woensdag 16 Desember:
Tanya du Plessis, Melissa Greyling, Morné Kotze, Erich Mennen, Deon Rossouw, Freda Surtees.

Donderdag 17 Desember:
Pieter de Bruin, Hannelie Erasmus, Malene Rohde, Anje van Tonder, Herman van Zyl.

Vrydag 18 Desember:
Qeon Coetzee, Almari, Conradie, Gys Keyser, Hannes Koster, Dorothea Marais, Eduard Schultz, Martin van Biljon, Dirk van de Wall, Willie van Zyl.

Saterdag 19 Desember:
Lené Coetzee, Inanje Diedericks, Marlet Swart, Friedrich van Kradenburg.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za